# Nuusbrief
Junie 2022

CROSSROADS PRISON MINISTRIES SOUTH AFRICA



'n TYD VIR ALLES

Ons lees in Prediker 3: Elke ding het sy tyd soos God dit bepaal.

So het elke seisoen ook sy voorafbepaalde tyd en plek in ons lewens, elkeen sy eie skoonheid en wonder. In die Winter is dit asof ons lewens effens minder druk is, asof ons meer tyd vir refleksie het. Kom ons maak gebruik van hierdie geleentheid.

**Crossroads Afrika; Leierskap Konferensie**

Arie van der Kruk het die afgelope week die leierskap konferensie in Kenia vanaf 6 tot 9 Junie bygewoon. Dit was 'n goeie geleentheid om nuwe bande te smee, ervaringe met mekaar te deel en raad te gee. Daar is ook gekyk na die toekoms en groei van Crossroads op die Afrika kontinent. Dit gaan met baie uitdagings gepaard, maar die toekoms lyk positief.
Hy het ook die geleentheid gehad om die nuwe president van Crossroads Prison Ministries te ontmoet, Mnr Joe Pryor. *(Regs)*



*Sommige van die streeks leiers by die konferensie met Steven Drewry van Crossroads VSA.*




**Kutama Sinthumule Correctional Centre.**

Hierdie gevangenis is in Louis Trichard, Limpopo geleë. Ons kommunikeer al 'n hele tyd lank slegs per pos met hierdie studente, aangesien ons nie toegang kon verkry nie en ook nie meer dienswerkers in daardie omgewing gehad het nie. Oom Tienie Venter het toe verlede jaar aangebied om die pakkie lesse, nadat ons dit vir hom gestuur het, by die tronk te gaan aflaai. Onlangs het ons die goeie nuus ontvang dat ons weer toegang mag verkry en Oom Tienie het hierdie geleentheid met albei hande aangegryp. Hy het nou al reeds 2 besoeke afgelê en kon weer met van die studente kontak maak.
Ons het vir 2 maande geen lesse van die studente ontvang nie, en toe ons weer in die posbus gaan kyk, was daar 56 koeverte van Kutama in die posbus geprop! Daar is, ondanks al die uitdagings, 74 studente.

**Sogenaamde "Prosperity Gospel"**

Dit kom al hoe meer gereeld voor: *"I will be healed because Jesus Christ gave me the authority over my health"* of *"I will experience prosperity because the Holy Spirit is now in my life".* Die uitgangspunt van wat verkondig word, is dat die persoon geleer word dat hy of sy God kan gebruik vir sy eie gewin. Hy kan as het ware God en die Heilige Gees inspan om sy tekortkominge aan te spreek. Nee, ons staan in diens van God, Hy gebruik ons waar ons nodig is tot eer van Sy naam en tot die uitbreiding van Sy Koninkryk!
Dit is egter nie 'n nuwe verskynsel nie; Paulus het reeds vir Timoteus teen hierdie valse profete met die kurrupte intensies gewaarsku (1 Timoteus 6:5-11) en beskryf dat hulle net op winsbejag of eie gewin uit is. Dit verhinder God om op Sy eie te werk, want Hy kan nie werk totdat ons Hom vrylaat om dit te doen nie. Geloof, volgens die beweging, is nie onderdanige vertroue in God nie!

Hulle beweer ook dat woorde self skeppende krag het. Wat jy sê, bepaal alles wat met jou gebeur, veral die gunste wat jy van God eis, moet alles positief en sonder twyfel gestel word. Dan word van God verwag om te antwoord (asof die mens enigiets van God kan vereis!). So, God se vermoë om ons te seën (onder andere met geld) hang kwansuis af van ons geloof.
Maar in Mattheus 6 lees ons die woorde van Jesus: Julle kan nie God en Mammon dien nie! Moenie julle kwel oor jul lewe wat julle sal eet en wat julle sal drink nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?
Kontak gerus die kantoor indien julle nog meer inligting verlang!

**Markdag!**

Op 4 Junie het mentor Mieke van der Smit haar telente ingespan en 'n stalletjie by GK Centurion gehad waarvan sy die wins aan Crossroads geskenk het!
Baie dankie vir die mooi gebaar! Ons waardeer dit ongelooflik baie!





Die Crossroads Span

## *Wil u dalk 'n bydrae maak?*

Ons het gereeld skryfbehoeftes, papier, Bybels en so meer nodig. Indien u enige iets aan ons wil skenk, kan u ons gerus kontak en reelings tref. U kan ook 'n finansiële bydrae maak om sodoende te help om van die kostes te dra. Gebruik die snapscan ikoon hiervoor, alternatiewelik verskyn ons bankbesonderhede ook hierby. Ons bedank ook graag almal wat reeds 'n bydrae aan CPM maak!

Bank details vir CPM: FNB Cheque rek 62819516066 Tak: 250655